# Inhoud

## Kwartaal 1: Week 1 tot 5

**Storie 1:**

Ek is spesiaal ........................ 2



**Storie 2:**

Ouma se geheime sak .......... 13



EXTRACT PAGES

# Ek is spesiaal




EXTRACT PAGES

Silla is van Oos-Londen.
Sy is agt jaar oud en in graad 2.
Sy woon in Bloulaan nommer 7 in ’n oranje huis.
Sy het ’n boetie en hy dra nog doeke.
Wanneer hy huil, sus en troos sy hom.



EXTRACT PAGES

Silla is lank en mooi.
Silla het bruin oë en bruin hare.
Sy hou van lees.
Silla lees ook graag stories vir haar boetie.
Sy geniet dit om netbal te speel.




EXTRACT PAGES

Silla kyk vir haarself in ’n spieël.
Die spieël is rooi en rond.
“Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie is die mooiste in die land?” vra Silla.



EXTRACT PAGES

Silla glimlag vir haarself en kyk na haar tande.
Haar tande is spierwit.
Sy moet nog ’n paar tande wissel.
Sy hoop die tandemuis sal weer vir haar geld bring.




EXTRACT PAGES

Silla trek haar gesig skeef.
Sy lyk nie mooi nie.
Silla lyk vreemd vir haarself.
Sy lag lekker, want sy herken haarself amper nie.


EXTRACT PAGES

Silla rek haar oë wyd en lig haar wenkbroue.
Sy skrik vir haarself in die spieël.
Silla dink ook sy lyk snaaks.
Haar sproete lyk ekstra groot.



EXTRACT PAGES

Silla hou die spieël nog nader en kyk na haar neus.
Haar neus lyk groot en rooi.
Sy kan goed met haar neus ruik.
Sy snuif-snuif in die lug.
Silla gee ’n harde nies en sug.



EXTRACT PAGES

Silla steek haar tong uit en probeer haar neus raak.
Haar mamma sê sy mag nie dit doen nie.
Dit is nie goeie maniere nie.
'n Maatjie het al vir haar tong uitgesteek.
Silla se hart was baie seer.



EXTRACT PAGES

Silla gaan sit op haar bed en knyp haar oë toe.
Sy kyk weer in die spieël.
Sy hou van wie en wat sy in die spieël sien.
Silla is bly sy het mooi krulhare.



EXTRACT PAGES

Silla het sproete op haar neus.
Daar is een, twee, drie, vier sproete!
Die sproete is klein en bruin.
Silla se wange is rooi en rond.
Silla eet gesond en drink baie water.



Silla voel sy is spesiaal en dans in die rondte.
Sy gaan sit en kyk weer in die spieël en glimlag.
“Jy is mooi!” sê sy vir haarself.
Silla is gelukkig en tevrede.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Wat is Silla se stokperdjies?
2. Dink jy Silla hou van lees?
3. Wat laat jou hartseer voel?

# Ouma se geheime sak



EXTRACT PAGES

Ouma kom vir kuier vir Cindy tydens die vakansie.
Cindy is opgewonde, want sy is baie lief vir haar ouma.
Haar ouma bring altyd vir haar 'n verrassing.
Sy is baie liefdevol en gee lekker drukkies.